KWARTAAL 1

# NUUSBRIEF

# HOËRSKOOL MONTAGU

KWALITEIT ONDERRIG EN LEER

VRIENDELIKHEID
INTEGRITEIT
POSITIWITEIT

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# _____UIT DIE KANTOOR_____

Die nuwe jaar het gevlieg en dit is vir my aangenaam om u terug te verwelkom na die skoolvakansie.
Ek glo dit was ‘n tyd waarin ouer / voog en kind na die besige 2024 mekaar weer in die oë kon kyk en familiebande kon verstewig.

‘n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe ouers, voogde, onderwysers en leerders in Montieland. Ons vertrou dat u verbintenis met ons skool aangenaam sal wees vir u as ouer / voog, onderwyser en vir ons leerders ‘n plek van ongelooflike groei en ontwikkeling.
Raak asb. betrokke en onthou: ‘n betrokke Montie, is ‘n gelukkige Montie.
Baie hartlik welkom!

## MATRIEKUITSLAE 2024 - 3 A’s!

Ons is voorwaar baie trots op die Matriekklas van 2024!
Ons matrieks van 2024 lewer 3 leerders met `n gemiddelde A-simbool en 17 leerders met gemiddelde B-simbole.
Verder behaal hulle ook die pragtige prestasie deur ’n 98.3% slaagsyfer te behaal!

Wat die uitslae van 2024 verder besonders maak, is die feit dat dié klas 57 vakgemiddelde A-simbole verwerf.
’n Uitstekende prestasie om op trots te wees!

Baie geluk aan die Matriekklas van 24! Julle uitslae is puik en ons is baie trots op elkeen van julle! Julle het bewys dat niks ’n Montie kan onder kry nie.

**Ons top 10 kandidate is soos volg:**

| | | | Gemiddeld |
|---|---|---|---|
| 1. | Franco Stemmet | (6 Onderskeidings) | 86,0% |
| 2. | Nina Beukes | (6 Onderskeidings) | 83,9% |
| 3. | Jana Strydom | (4 Onderskeidings) | 83,7% |
| 3. | Chriszaan Conradie | (4 Onderskeidings) | 79,1% |
| 5. | Arno Wright | (3 Onderskeidings) | 79,0% |
| 6. | Nicholas Brunings | (3 Onderskeidings) | 78,4% |
| 7. | André van Deventer | (3 Onderskeidings) | 78,0% |
| 8. | Stefanie Burger | (3 Onderskeidings) | 77,3% |
| 9. | Petri Fourie | (3 Onderskeidings) | 76,9% |
| 10. | Lyall Kleinhans | (1 Onderskeidings) | 76,1% |

Baie dankie aan ons toegewyde personeel en Beheerliggaam vir al die ekstra tyd, energie en liefde vir ons leerders. Baie geluk aan elke ouer/voog met u kind se pragtige uitslae. U het rede om trots te wees!

# Toelating: Graad 8 leerders 2026

Toelating van nuwe gr.8 leerders vir 2026 open op 11 Maart 2025 en sluit op 15 April 2025. Dit is belangrik om daarop te let dat daar slegs 'n beperkte aantal plekke beskikbaar is in graad 8.

Volledige aansoeke met al die nodige dokumente wat binne die sperdatum gemaak is, geniet voorkeur. Maak asb. seker u laai aanlyn die jongste skoolrapport van u kind, u kind se geboortesertifikaat en bewys van u adres/verblyf op die stelsel.

Indien u bewus is van graad 7 leerders wat vir 2026 in graad 8 wil aansoek doen by ons skool, moet u hulle asseblief aanmoedig om dit betyds te doen. Plekke is beperk! Kontak die skool of maak 'n gerus 'n afspraak met die hoof vir meer inligting, vrae of insette. Maak gerus 'n afspraak met me. Alethea Banda by die skool as u hulp nodig het met die aanlyn-aansoekproses. Ons deure staan oop vir u en u kind en ons help graag.

# Hoe doen ouers/ voogde aansoek?

Skep ‘n aanlyn-profiel en voltooi die aanlyn-aansoekvorm.
Slegs aanlyn-aansoeke word deur die WKOD toegelaat. Doen asb. betyds vanaf 11 Maart 2025 aanlyn aansoek by: **wcedonline.westerncape.gov.za**

Maak gereed vir die 2026-skooljaar. Kies die skool waar u kind gelukkig gaan wees. Hoërskool Montagu — die skool in die platteland, vir die platteland!
**Moenie uitmis nie!**

# Leerdergetalle:

Ons leerdertal vir 2025 het gegroei.
Die getalle in die onderskeie grade is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Graad 12 | – | 104 |
| Graad 11 | – | 114 |
| Graad 10 | – | 142 |
| Graad 09 | – | 114 |
| Graad 08 | – | 115 |

**Totaal: 589**

# Skoolgelde:

Die skool is ‘n Kwintiel 4, artikel 21, skoolgeld betalende skool, daarom is die betaling van skoolgelde noodsaaklik en volgens wetgewing verpligtend. Die skool se finansies word bestuur volgens ‘n goedgekeurde begroting en die finansiële posisie van die skool is gesond, daarom kan die skool ‘n volledige opvoedkundige program aan die leerders bied. Namens die Beheerliggaam wil ek die volgende reëlings aan u deurgee:

Daar bestaan geen departementele subsidies vir skoolgelde nie. Ouerhuise kon op die toepaslike aansoekvorm aansoek doen om gedeeltelike vrystelling van skoolgelde. Ouers bly verantwoordelik vir die volle skoolgelde, totdat ‘n volledig voltooide aansoekvorm by die skool ingehandig is.

Maandelikse paaiemente is betaalbaar vanaf Januarie tot November 2025. Vanaf die einde van Februarie word daar maandeliks ‘n skoolfondsrekening uitgestuur. Die bedrag verskuldig vir die volle jaar sal op die rekening verskyn, asook die uitstaande bedrag wat onmiddellik betaalbaar is.

Alle skoolgelde word by die sekretaresse inbetaal.

Alle navrae in **verband** met skoolgeldrekeninge word deur mev. Liezl Lewis hanteer (Maandae tot Vrydae 07:30-14:00).

## Gedragskode (Skoolreëls) vir Leerders

Die gedragskode vir 2025 is aan die begin van die jaar met elke leerder in die skool behandel en elkeen het 'n afskrif daarvan ontvang. Daar word van die onderwyspersoneel en leerlingleiers verwag om die gedragskode toe te pas en afwykings dadelik aan te spreek. Oor die algemeen kom die groter meerderheid van ons leerders die gedragskode nougeset na.
Ongelukkig is daar altyd leerders wat sukkel om binne 'n stelsel te werk om instruksies of voorskrifte na te kom. Ek wil 'n beroep op ouers doen om toe te sien dat hulle kinders se skool- en sportdrag te alle tye korrek is en dat dit duidelik gemerk is. Kledingstukke wat verlê word se eienaars kan meestal nie opgespoor word nie en gaar dan by die sekretaresse op. Ons verwag dat ons leerders daagliks reg geklee en gehoorsaam is aan die riglyne, soos vervat in die gedragskode van die skool.

## Skoolbywoning

Die skoolbywoning van ons leerders is baie goed. Baie dankie vir u samewerking in dié verband. Ons vra dat u asseblief sal skakel, indien u kind nie die betrokke dag skool kan bywoon nie. Op die dag wat u kind terugkeer skool toe, moet hy/sy `n briefie van u of van die dokter inhandig. Tydens eksamens sal slegs doktersbriewe aanvaar word.

# Skoolbeheerliggaam tussenverkiesing

Tydens Maart 2025 het die Beheerliggaam tussenverkiesings plaasgevind vir twee vakante ouer-portefeuljes. Ons proses is bestuur deur mnr. Nigel Adams van W.A Rossouw Primêre skool wat opgetree het as die Skoolverkiesingsbeampte.

Ons wil alle kandidate wat bereid was om te staan bedank. Die kandidate wat gestaan het was werklik van hoogstaande gehalte met elkeen wat `n groot bydrae tot die Beheerliggaam kan lewer.

Graag wens ons die volgende twee nuutverkose ouers geluk met hulle verkiesing tot die Beheerliggaam:

**Ouerlede: Mnr. Deon Büre**
**Mev. Megan O'Shea**

**Die Beheerliggaam se ampsdraers en voorsitters is as volg:**
Voorsitter: Mev. Mariek Dettbarn
Ondervoorsitter: Mnr. Niël Joubert
Tesourier: Mnr. Philippie Olivier
Sekretaresse: Mev. Janine Beukes

**Ouerlede:**
Mnr. Chris Hanekom
Mnr. Peter Strydom
Mnr. Deon Büre
Mev. Megan O'Shea

**Skoolhoof:** Mnr. Johan Benadie
**Opvoederlede:** Mev. Janine Beukes en mev. Lindi Ferreira
**Nie-Opvoederlid:** Mev. Liezl Lewis
**Leerderlede:** Keizia Malgas en Amy-Lee Shirley

Baie dankie vir u bereidwilligheid om die skool en gemeenskap te dien. Baie sterkte vir die termyn en mag dit `n wonderlike ervaring vir elkeen wees.

Baie dankie aan elke ouer/ voog wat die belange van die skool op die hart dra en die skool en die personeel ondersteun.
U kan verseker weet dit word opreg waardeer.

Die skool wil u ook uitnooi om betrokke te raak en u hulp aan te bied. Daar is baie terreine waar ouers/ voogde betrokke kan wees en net soos die leerders, is betrokke ouers/ voogde, gelukkige ouers/ voogde.

## Afsprake met onderwysers en besoeke aan die skool

Soos in die verlede, is u meer as welkom om, enige saak rakende u kind met die onderwysers, graadhoofde en/of die hoof te kom bespreek tydens skoolure. Ons versoek u egter om dit asseblief per afspraak te doen, sodat daar koördinasie kan plaasvind en nie onnodige tyd verlore sal gaan nie. Kontak asb. die kantoor om vooraf 'n afspraak te maak. Wanneer u 'n besoek by die skool aflê , versoek ons u ook vriendelik om te alle tye eers by die ontvangs aan te meld.

**Ter wille van koördinasie gee ons die volgende reëlings aan u deur.**

- Akademiese probleme: Afspraak met betrokke onderwyser(s) en/of die betrokke graadhoof.
- Leerderondersteuning: Afspraak met betrokke graadhoof en/ of mev. Kriel (hoof van leerdersondersteuning).
- Gedragsprobleme van leerders: Afspraak met betrokke onderwyser(s) en/of die betrokke graadhoofde en/ of mnr. Booysen (seuns netheid) of mev. Beukes (dogters netheid). Ernstige gevalle word verwys na ons hoof van dissipline, mnr. Prins.
- Sport- en Kultuurprobleme: Afspraak met betrokke afrigter(s) van u kind(ers) en/ of mnr. Roos (Sport) en mev. Ferreira (Kultuur)
- Bemarking / Advertensies / Borgskappe: Afspraak met mev. Van Brouwershaven (hoof van bemarking) en/ of mev. Lewis vir advertensieborde.
- Geboue, Terrein en Veiligheid: Afspraak met mnr. Prins.

- Bespreking van skoolfasiliteite: (Sportterrein, saal, klubhuis ens.) Skakel asseblief mev. Beets in die kantoor. Gebruik van klubhuis en reëlings: Kontak mev. Joubert.
- Finansiële navrae/ reëlings/ uitstaande skoolgelde: Afspraak met mev. Lewis.
- Afwesigheid, Leerder navrae en Toelatings: Kontak mev. Beets.
- SBL- en Onderwyser/ Skoolsake: Afspraak met mnr. Benadie (Skoolhoof).
- Koshuisnavrae: Kontak ons koshuisouers: mev. Van Aarde of mnr. Van Brouwershaven.

Let Wel: Hierdie afsprake met spesifieke persone by die skool, is ons amptelike kommunikasiekanaal. Moet asb. geen kommentaar of boodskappe op sosiale media stuur nie, maak gerus 'n afspraak om die aangeleentheid in persoon by die skool met die regte persoon te kom bespreek. Ons versoek u weereens vriendelik om te alle tye eers die kantoor tydens skoolure te kontak vir 'n afspraak en by die ontvangstoonbank aan te meld met u skoolbesoek. By voorbaat baie dankie hiervoor.

## Ten slotte

**Wees 'n wenner Montie!!**

*"What does it take to be a champion??? Desire, dedication, hard work, determination, effort, concentration and the will to be successful!"*

Mag 2026 vir jou 'n wenjaar in Hoërskool Montagu wees.
"Droom drome en doen altyd die regte ding"
Seënwense vir 'n heerlike vakansie, indien u weg gaan, reis asb. veilig.
Baie dankie vir u groot omgee-harte vir ons skool, al u harde werk en ondersteuning.

Vriendelike Montie-groete






**Mnr. Johan Benadie**
Skoolhoof

# _____HSMO_____

2025 het vir die Hoërskool Montagu Ondersteunersklub omtrent met spoed weggespring. Dieselfde week wat die skole heropen het, is die Hekkie-projek geloods waarin oud-matriekklasse gevra is om die skool te help om ons atletiekgeriewe op te gradeer deur 'n hekkie @ R1 100 elk te borg.
Klasse sovêr terug as 1966 het hande uitgereik om HSM te help en daar is binne twee maande se tyd genoeg fondse bymekaar gemaak om sestig nuwe hekkies te koop en asook 'n goeie gedeelte by te dra tot die opgradering van beide die skool se vêrspringputte.
Die nuwe hekkies sal ingewy word op Saterdag 12 April saam met die tuis sportdag teen Hoërskool Robertson waarop die klas wat die meeste hekkies geborg het gekroon sal word as "Die Beste Matriekklas ooit".
Die dag belowe om pragtige hekkies-wedlope in te hou tesame met die tradisionele goeie sportmangees tussen die twee buurskole.

Die HSMO gholfdag in Februarie bly een van die grootste jaarlikse projekte wat die HSMO aanpak. Die wyer gemeenskap van Montagu het vanjaar weereens gewys dat hulle agter Hoërskool Montagu staan en ons kan net dankie sê vir die ongelooflike ondersteuning. Die dag het pragtig en windstil aangebreek met 'n veld wat bykans vol was. Daar is pryse toegeken aan die twee Hoërskool-spanne wat deelgeneem het sowel as vir die eerste 17 plekke en die spelers het met breë glimlagte huiswaarts gekeer.
Die fondse wat die gholfdag genereer laat die HSMO o.a. toe om die skool se sportspanne te help finansier vir hul sporttoere gedurende die April-vakansie en om leerders te help wat gedurende die vakansie aan die atletiek-SA's in Bloemfontein gaandeelneem.

Die HSMO het ook bygedra tot die bederfpakkie aan die drie laerskool atlete wat Montagu in Germiston gaan verteenwoordig by die junior SA toernooi.
Ons is trots op elke junior Montie leerder wat so hard werk en presteer en kan nie wag tot hul volwaardige HSM-Monties is nie.

# __Matriekafskeid Save the Date__

**DBE besoek vir LO! Hoekom, Waarom?**

Net nie dit nie!! Op ‘n Vrydag, die laaste periode, moet ons LO prakties doen.
”Ek gaan sommer by die huis bly!”
Met handdoeke, waterbottels en irritasievlakke wat kook, is ons die saal in.
Moet nou kamstig rek en strek...

Ewe skielik is daar ‘n groot lawaai en ‘n geskreeu!
**HULLE WEET NIE WAT ONS WEET NIE!”**
Ons word uitgejaag uit die saal deur kuifkop gr. 11’s en moet nou dadelik boonste rygbyveld toe hardloop.
Ons is nou verward en weet glad nie wat aangaan nie.
**Wat ‘n heerlike verrassing!!**
Ons word ingewag met verwelkomingsskinkborde vol sap. Meneer Benadie - met ‘n pienk pruik op sy kop - wat ‘n heildronk op ons instel.
Ons matriekafskeid se **SAVE THE DATE!** Waterkaskenades en die mooiste sleutelhouer om ons te herinner aan 2 Oktober!

**LE-Marc:**
“Dit was iets uit die boks uit en definitief ‘n herinnering om saam te dra, MX’25.”
**Tasneem:**
“ Dit was iets wat ons vreeslik baie geniet het en het dit glad nie verwag nie.”
**Kiesha:**
“Vir my was dit iets besonders. Ek het baie spesiaal gevoel.”
**Marco:**
“Ek dink die manier hoe hulle ons uitgevang het, was baie uniek.”
**Jomar:**
“Dit was ‘n verrassing! Mnr. Benadie se deelname aan die slip en slide was definitief ‘n hoogtepunt.”
**Jacquin:**
“Dit was ‘n verrassing! Tannie Ina en haar hele komitee was regtig kreatief met die sleutelhouers en die slip en slide . Ek het dit baie geniet en is dankbaar daaroor.”

# __Matriekafskeid Save the Date__















023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___TOP 20___

## GRAAD 8

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Adri | Bothma |
| Jocelyn | Conradie |
| Haydenique | Du Toit |
| Willow | Esau |
| Emma | Hahndiek |
| Tamar | Hendricks |
| Pearl | Jaftha |
| Onoluhle | Jantjies |
| Mishca | January |
| Sean | Little |
| Layla | Lodewyk |
| Rojean | Marais |
| Marqueth-Lee | Marthinus |
| Sonwabo | Mgada |
| Joy-Line | Nel |
| Owentando | Ngabaza |
| Anayha | Pekeur |
| Madelene | Soldaat |
| Shjar-Moné | Swanepoel |
| Christian | Voges |

# ___TOP 20___

## GRAAD 9

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Lodewyk | Beukes |
| Hailey | Booysen |
| Ariane | Brinkhuys |
| Meone | Bure |
| Johnique | Carolissen |
| Ruan | Cloete |
| Corlea | De Koker |
| Carla | Dettbarn |
| Denisia | Domingos |
| Llyle | Fluks |
| Ridduwan | Herdien |
| Eduard | Heyns |
| Aneischa | Jakobs |
| Lienka | Joubert |
| Kayla | Kotze |
| Lee | Kotze |
| Ané | Nomdo |
| Aneisha | Philander |
| Zack | Roos |
| Hannli | Volschenk |

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___TOP 20___

## GRAAD 10

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Anzelle | Albanie |
| Erin | Banda |
| Jason | Bezuidenhout |
| Anel | De Bruyn |
| Tyricha | De Wee |
| Chayim | Du Toit |
| Mia | Ellis |
| Quinzil | Jansen |
| Jaime | Johnson |
| Stella | Meyer |
| DJ | Minnaar |
| Henko | Nel |
| Miné | Olivier |
| Fannwin | Plaatjies |
| Inge | Sceepers |
| Revean | Segelaar |
| Courtney | Toorn |
| Lizca | van Aarde |
| Adriana | Visagie |
| Chrissandra | Wiese |

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___TOP 20___

## GRAAD 11

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Kurtwin | Antonie |
| Jacobus | Beukes |
| Sergio | Burger |
| Ezrin | Conradie |
| Mia | Dettbarn |
| Joël | Gordon |
| Peter | Hattingh |
| Thamson | Jansen |
| Zaywon | Kana |
| Caitlin | Koker |
| Janae | le Roux |
| Nina | Malherbe |
| Ruby-Rose | O'Shea |
| Emma | Olivier |
| Danika | Schoeman |
| Tashley | Skippers |
| Tasneem | Steyn |
| Jadelyn | van Wyk |
| Dirk | von Wielligh |
| Anja | Wolfaardt |

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___TOP 20___

## GRAAD 12

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Joney | Booysen |
| Arno | Datson |
| Jamelia | Du Toit |
| Suné | Geldenhuys |
| Jomar | Hanekom |
| John | Hattingh |
| Tasneem | Jansen |
| Cameron | Jansen |
| Lieschen | Joka |
| Halle | Joseph |
| Richard | Knipe |
| Siyambonga | Lirafu |
| Kezia | Malgas |
| Sias | Meyer |
| Jaywin | Noemdo |
| Hermien | Potgieter |
| Carla | Prinsloo |
| Amy-Leigh | Shirley |
| Mikayla | Theron |
| Almay | Wolmarans |

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 2

APRIL

| | |
|---|---|
| 8 Dinsdag | Skool heropen 08:00<br>Aktiwiteitsperiode 13:15-14:30 (Wintersport)<br>Wintersdrag |
| 9 Woensdag | Netbal fondsinsameling |
| 10 Donderdag | Mnr. / Mej. HSM Uitdunne |
| 11 Vrydag | |
| 12 Saterdag | **SPORTDAG:** Robertson (T) |
| 14 Maandag | Top 20 aand 18:00<br>Netheidsinspeksie |
| 15 Dinsdag | Ouergesprekke 16:30-18:30<br>Toelatings 2025 sluit |
| 16 Woensdag | **Platinumbal 18:30**<br>**Sportdag:** Langeberg (W) |
| 17 Donderdag | Landsdiens Sivviedag |
| 18 Vrydag | **VAKANSIEDAG: GOEIE VRYDAG** |
| 19 Saterdag | |
| 21 Maandag | **VAKANSIEDAG: GESINSDAG** |
| 22 Dinsdag | |
| 23 Woensdag | **Sportdag:** Bonnievale (T) |
| 24 Donderdag | |
| 25 Vrydag | |
| 26 Saterdag | **Sportdag:** Oudtshoorn (T) |
| 28 Maandag | **VAKANSIEDAG: VRYHEIDSDAG** |
| 29 Dinsdag | **VAKANSIEDAG** |
| 30 Woensdag | **VAKANSIEDAG**<br>Kwagga Netbalfees<br>**Sportdag:** Ashton Sekondêr (W) |

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 2

## MEI

| | |
|---|---|
| 1 Donderdag | **VAKANSIEDAG: WERKERSDAG**<br>Kwagga Netbalfees |
| 2 Vrydag | **VAKANSIEDAG**<br>Kwagga Netbalfees |
| 3 Saterdag | Kwagga Netbalfees |
| 5 Maandag | |
| 6 Dinsdag | Mnr + Mej HSM Oefening |
| 7 Woensdag | **Sportdag:** Jakes Gerwel (T) |
| 8 Donderdag | Jnr + Snr Public Speaking<br>Indaba Mini Golfdag<br>Afrikaans 100 jaar oud! |
| 9 Vrydag | |
| 10 Saterdag | **Sportdag:** Labori (W) |
| 12 Maandag | Mnr + Mej Kleedrepetisie<br>VOO Kluster moderering 15:00 - 17:00 |
| 13 Dinsdag | Mnr + Mej Kleedrepetisie |
| 14 Woensdag | Mnr + Mej Kleedrepetisie |
| 15 Donderdag | Mnr + Mej HSM |
| 16 Vrydag | |
| 17 Saterdag | **Sportdag:** Punt (W) |
| 19 Maandag | FOTODAG: Klas en Individueel (Skoolklere)<br>English Spelling Bee 16:00 (Jnrs + Snrs) |
| 20 Dinsdag | |
| 21 Woensdag | **Sportdag:** Swellendam Sekondêr (T) |
| 22 Donderdag | |
| 23 Vrydag | Snr VRL Sivviedag |
| 24 Saterdag | **Sportdag:** Montana (W) |
| 26 Maandag | |
| 27 Dinsdag | |
| 28 Woensdag | Gr.10 - 12 Praktiese eksamen begin |
| 29 Donderdag | **VAKANSIEDAG: HEMELVAART** |
| 30 Vrydag | Gr.10 - 12 Eksamen begin<br>Eksamen tye: 08:00 - 13:00 |
| 31 Saterdag | **Sportdag:** Swellendam (T) |

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 2

JUNIE

| | |
|---|---|
| 2 Maandag | |
| 3 Dinsdag | |
| 4 Woensdag | |
| 5 Donderdag | |
| 6 Vrydag | Gr.8 en 9 Eksamen begin |
| 7 Saterdag | |
| 9 Maandag | |
| 10 Dinsdag | |
| 11 Woensdag | |
| 12 Donderdag | |
| 13 Vrydag | |
| 14 Saterdag | |
| 16 Maandag | **VAKANSIEDAG: JEUGDAG** |
| 17 Dinsdag | |
| 18 Woensdag | |
| 19 Donderdag | |
| 20 Vrydag | Gr.8-12 Eksamen eindig |
| 21 Saterdag | **Sportdag:** Montana (W) |
| 23 Maandag | |
| 24 Dinsdag | |
| 25 Woensdag | JNR. Winterbal 18:30 |
| 26 Donderdag | SNR. Winterbal 18:30 |
| 27 Vrydag | **SKOOL SLUIT** |